LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

11-06-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 21 VIR 2018

1 **FORMELE ASSESSERING:**

- Leerders het begin met formele assessering. Grondslag- en Intersenfase doen daagliks 'n assesseringsaktiwiteit. Leerders moet asseblief elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word, ook as hulle net kom skryf en dan weer huistoe gaan**. Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0 kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- Die skool begin met 3de kwartaal se werk na afhandeling van alle assessering. Normale klaswisseling vind plaas in die eksamen.
- Leerders is skoolpligtig.
- Geen ouer boetie of sussie mag leerders kom uitteken nie.

2 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

Alle uitslae moes Vrydag, 1 Junie ingehandig gewees het. Slegs Kuns en Kreatiewe skryfkuns, het uitstel. Geen ander Heidelberg Eisteddfod uitslae sal meer aanvaar word nie. Kunsstukke se uitslae sal opgeskryf word sodra dit ontvang word. Kuns wat deur buite-instansies gedoen is, se sluitingsdatum vir uitslae is Woensdag, 20 Junie 2018.

3 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:

Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Tye en datums-briefies is laasweek uitgedeel. Bring asb. uitslae, sertifikaat en repliek (Gr 1-3) asook naam van gedig/dramstuk na Juf. Lizelle en (Gr 4-7) na Juf. Helanie. Afsnydatum vir Suikerbosrand Eisteddfod uitslae is Vrydag, 20 Julie (eerste week na die skool begin het.) Geen laat uitslae word aanvaar nie.

4 LEIERSONTWIKKELING:

Die leiers gaan 'n leiersontwikkelingsessie bywoon - leierskap in die wêreld van werk - op Dinsdag, 12 Junie 2018 vanaf 13:30 - 15:00 in die skoolsaal.

5 KOOR:

- Juniorkoor:
  - Juniorkoor oefenprogram van hierdie week af:
    Maandag - 11 Junie - GEEN OEFENING
    Maandag - 18 Junie - 13:20 - 14:00

- Seniorkoor:
  - Seniorkoorlede moet asb. by die oefeninge wees. Ons het 2 of 3 oefening oor voor Eisteddfod optrede. Reël asb. doktersafsprake/tandartsafsprake ens. op ander dae as dit moontlik is. Koor-oefening kom nie tot sy volle reg as almal nie daar is nie.
  - Seniorkoor oefenprogram:
    Woensdag - 13 Junie - GEEN OEFENING
    Woensdag - 20 Junie - BAIE BELANGRIKE KOOR OEFENING vanaf 13:30 - 15:45 - Almal moet asb. teenwoordig wees.

6 ATKV-REDENAARS:

Baie sterkte aan Elmien Labuschagne (Gr 6), Mieka Rabie (Gr 1) & Milan Rautenbach (Gr 3) wat Vrydag aan die 2de rondte van die ATKV by Hoërskool Transvalia deelneem. Ons hou duimvas.

7 AKADEMIESE UITSTAPPIE:

Vanjaar is ons Akademiese uitstappie op Woensdag, 18 Julie 2018. Ouers word herinner om asb. die gelde van R160 voor of op 12 Junie 2018 in te betaal by die klasonderwyser. Indien u wil EFT, gebruik AKADEMIE/U KIND SE NAAM/GRAAD as verwysing.
Verdere inligting volg nader aan die tyd.

8 FOTODAG: 19 JUNIE 2018

Minisporte, rugby, netbal & skaak foto's, saam met die afrigters, word geneem. Onthou julle sportdrag. Rugbytruie moet ingegee word.

9 VOLKIE NASKOOLSENTRUM:

Die naskoolsentrum sal gedurende die Junie-Julie vakansie oop wees.

Datum:	25 Junie tot 16 Julie
Tyd:	07:00 tot 17:15
Koste:	R60 per dag
Waar:	Juf Baulha se klas
Navrae:	Juf Baulha - 074 165 8891

10 SAOU WISKUNDE OLIMPIADE:

Inskrywings sluit 15 Junie 2018. Alle Graad 6 en Graad 7 leerders wat nog wil inskryf moet hulle naam, Graad en R50 in 'n koevert by Mev Chrisna Meyer inbetaal.

11 **LANDLOOP 2018:**

Aangesien daar net 3 ligabyeenkomste is i.p.v. 4, moet atlete al 3 byeenkomste hardloop om te kwalifiseer vir D7.

27 Julie	-	Voorwaarts (Meyerton)
3 Augustus	-	Heidelberg/Laer Volkskool bied aan (venue sal deurgegee word)
17 Augusutus	-	Dick Fourie Stadion (Vereeniging)
25 Augustus	-	Sedibeng Oos - Isak Steyl Stadion (Vanderbijlpark)
1 September	-	Gauteng Kampioenskappe (venue sal deurgegee word)
28-29 September	-	Nasionale Kampioenskappe (Universiteit - Bloemfontein)

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF